



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September - 11 Oktober 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

**Daar is min plekke in die wêreld
wat jou so ver terug neem in tyd
soos Oesbekistan – die hart van die
legendariese Syroete.**

Vir eeue was hierdie beroemde handelsroete die belangrikste skakel tussen die Ooste en Weste. Karavane vol speserye, sy, goud en porselein het deur hierdie land gereis, terwyl handelaars, ontdekkingsreisigers en geleerdes stories, idees en kulture uitgeruil het.

Vandag is die nalatenskap van die Syroete steeds sigbaar in Oesbekistan se antieke stede, indrukwekkende moskees, ikoniese blou koepels en bedrywige basaars. Voeg daarby die opregte gasvryheid van die Oesbek-mense, en jy ontdek 'n bestemming wat jy nie maklik sal vergeet nie.

Ons sien daarna uit om saam met jou die spore van die legendariese Syroete te volg.






Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*



Hoogtepunte:

Khiva: 'n Volmaak bewaarde vestingstad waar dit voel asof tyd vir eeue stilgestaan het. Agter die antieke stadsmure van Ichan-Kala wag turkoois minarette, sierlike madrassas en rustige binnehowe wat vandag nog die verhaal van die Syroete vertel.

Bukhara: Een van die oudste stede in Sentraal-Asië. Bukhara se historiese moskees, mausoleums en bedrywige koepelbasaars vorm al eeue lank die hart van die stad, waar handelaars vandag nog hul ware aanbied soos hulle dit reeds geslagte lank doen.

Samarkand: Die juweel van die Syroete en 'n stad wat al eeue lank reisigers bekoor. Die Registanplein, blou koepels en die nalatenskap van Timur getuig van 'n tyd toe Samarkand een van die wêreld se belangrikste stede was.

Tashkent

Tashkent, die hoofstad van Oesbekistan, verras met 'n boeiende mengsel van geskiedenis en moderne stadslewe. Bedrywige basaars en breë boulevards gee die stad sy unieke karakter, terwyl die wêreldbekende metro self as 'n ondergrondse kunsgalery beskou word.



Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

DAG 1: Donderdag, 30 September 2027

Johannesburg

Vandag begin ons reis na Oesbekistan! Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe vanwaar ons vertrek. 'n Reis vol nuwe ontdekkings en onvergeetlike ervarings wag op ons.

(Alle etes aan boord)

DAG 2: Vrydag, 01 Oktober 2027

Urgench | Khiva

Met aankoms by Urgench Internasionale Lughawe vertrek ons na Khiva. Die rit neem ons deur die uitgestrekte woestynvlaktes en vrugbare rivier-oases van die Khorezm-streek na een van Sentraal-Asië se beste bewaarde antieke stede.

Ons eerste kennismaking met die Syroete begin juis hier wanneer ons deur die antieke stadsmure van Ichan-Kala, Khiva se historiese middestad en 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied, stap. Dit voel asof ons terug in tyd reis tussen madrassas, binnehowe en die turkoois minarette waarvoor Khiva wêreldbekend is.

Vanaand geniet ons 'n verwelkomingsete by 'n plaaslike restaurant, waar ons kennis maak met die geure van Khorezm – aromatiese speserye, varsgebakte brood, geurige rys en tradisionele vleisgeregte. 'n Heerlike geleentheid om nie net die plaaslike kos te ontdek nie, maar ook ons medereisigers beter te leer ken.

Oornag: Khiva (Aandete)

DAG 3: Saterdag, 02 Oktober 2027

Khiva | Ulli Khovli-vesting

Na ontbyt vertrek ons na die historiese Ulli Khovli-kompleks, waar ons meer oor 'n minder bekende hoofstuk van Oesbekistan se geskiedenis leer. Die 17de-eeuse kompleks, met sy indrukwekkende kleimure, woonkwartiere en binnehowe, is gebou om handelskaravane tussen Khiva en Urgench te beskerm. Hier kon reisigers en handelaars rus en hulle voorrade aanvul – een van die laaste rusplekke voordat hulle verder weswaarts op die handelsroetes na Persië vertrek het.

Ulli Khovli gee ons 'n kykie in die wêreld van die karavane en herinner ons daaraan dat die Syroete nie net oor handel gegaan het nie, maar ook oor die mense, idees en kulture wat langs hierdie roetes bymekaargekom het.

Die res van die middag is joune om Khiva op jou eie pas verder te verken. Stap deur die smal straatjies, besoek klein winkeltjies of geniet eenvoudig die unieke atmosfeer van hierdie besonderse stad.





Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Teen sonder klim ons die trappe na Ak Sheikh Bobo, die eeue oue wagtoring bo-op die Kunya-Ark-sitadel. Hou jou kamera gereed – die uitsig oor Khiva in die sagte aandlig is een van die mooiste oomblikke van ons besoek.

Ons sluit die dag af met aandete by 'n plaaslike restaurant voordat ons ons laaste aand in Khiva deurbring.

Oornag: Khiva (Ontbyt & Aandete)

DAG 4: Sondag, 03 Oktober 2027

Khiva | Bukhara | Kyzyl-Kum Woestyn

Vandag verruil ons Khiva vir Bukhara en volg ons dieselfde roete waarlangs handelaars eeue gelede tussen die Ooste en Weste op kamele gereis het. Waar hierdie tog destyds meer as 'n maand geduur het, neem dit vandag sowat ses tot sewe uur. Dit is 'n dag van uitgestrekte landskappe terwyl ons deur die Kyzyl-Kum-woestyn, waarvan die naam "Rooi Sand" beteken, reis.



Ons hou ook stil by die Amudarya-rivier – een van die groot riviere van die antieke wêreld. Langs sy oewers het beskawings ontstaan en gefloreer wat die geskiedenis van hierdie streek gevorm het.

Teen laatmiddag arriveer ons in Bukhara, 'n stad met meer as 2 500 jaar se geskiedenis. Hier begin die volgende hoofstuk van ons reis. Moskees, mausoleums en koepelbasaars herinner aan 'n tyd toe Bukhara 'n spilpunt vir handel en kultuur tussen die Ooste en Weste was.

Ons sluit die dag af met 'n hartlike aandete voordat ons ons eerste aand in Bukhara deurbring.

Oornag: Bukhara (Ontbyt & Aandete)

DAG 5: Maandag, 04 Oktober 2027

Bukhara | Die Heilige Stad

Daar is min stede wat die gees van die Syroete so goed bewaar het soos Bukhara. Vandag stap ons deur 'n stad waar handel, kultuur en geloof oor eeue heen saamgevloei het en waar die verlede steeds deel van die alledaagse lewe is.

Ons besoek van Bukhara se bekendste moskees, madrassas, minarette en mausoleums. Elkeen vertel iets van 'n stad wat reisigers, handelaars en geleerdes van regoor die bekende wêreld gelok het.

Later bring ons tyd deur in die beroemde koepelbasaars. Hier word handgemaakte produkte, speserye en tradisionele kunsvlyt steeds onder die eeue oue koepels verkoop – 'n tradisie wat vandag nog voortleef.



Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Dit is die ideale plek om die atmosfeer van Bukhara te beleef en dalk 'n besondere aandenking saam huis toe te neem.

Ons sluit die dag af met aandete by 'n plaaslike restaurant, waar ons dalk van die plaaslike gunsteling kan probeer – van manti, tradisionele gestoomde deegbolletjies gevul met gekruide vleis, tot shashlik, gemarineerde vleis wat oor warm kole gebraai word.

Oornag: Bukhara (Ontbyt & Aandete)



DAG 6: Dinsdag, 05 Oktober 2027

Bukhara

Vandag ontdek ons nog 'n kant van Bukhara. Ons besoek die Bahouddin Naqshbandi-Mausoleum, een van Oesbekistan se belangrikste pelgrimsoorde, gevolg deur die Chor-Bakr-nekropolis – 'n uitgestrekte kompleks van grafte, binnehowe en smal straatjies wat dikwels as die “Stad van die Dood” bekend staan.

Daarna besoek ons Sitorai-Mokhi-Khosa, die somerpaleis van Bukhara se laaste heerser. Hier ontdek ons 'n versameling Sjinese porselein, kristal en tradisionele Suzani-borduurwerk wat 'n kykie gee na die leefwyse van die koninklike hof.

Vanmiddag het jy tyd om Bukhara verder te ontdek. Stap nog 'n draai deur die historiese strate, besoek die koepelbasaars, gesels met plaaslike handelaars of geniet 'n koppie tee in 'n tradisionele teehuis terwyl jy die bedrywigheid van die ou stad dophou.

Geen besoek aan Oesbekistan is volledig sonder 'n bord plov nie. Vanaand rol ons die moue op en neem deel aan 'n kookklas waar ons leer hoe dié tradisionele gereg van rys, wat in 'n kazan met lam, groente en aromatiese speserye gekook word, voorberei word. Plov is 'n belangrike deel van Oesbekistan se kulinêre tradisies en word deur UNESCO as Ontasbare Kulturele Erfenis erken.

Daarna geniet ons saam aandete – 'n gesellige afsluiting van nog 'n dag vol nuwe ervarings.

Oornag: Bukhara (Ontbyt & aandete)



Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

DAG 7: Woensdag, 06 Oktober 2027

Bukhara | Samarkand | Gijduvan

Na ontbyt begin die volgende hoofstuk van ons reis wanneer ons in die rigting van Samarkand reis. Daar wag egter eers 'n besondere ervaring op ons... ons maak kennis met die mense en tradisies van Oesbekistan.



Ons hou stil in Gijduvan, waar die Narzullayev-familie ons by hul werkswinkel verwelkom. Hier word die kuns van tradisionele Oesbek-keramiek al geslagte lank oorgedra.

Ons sien hoe klei onder ervare hande in kunswerke verander – 'n vakmanskap wat vandag nog van geslag tot geslag oorgedra word.

Dan is dit ons beurt om self deel te word van die plaaslike kultuur. Terwyl die dames leer hoe tradisionele Oesbek-platbrood in 'n klei-tandoor gebak word, ontdek die manne die geheim van 'n geurige pot plov. Daarna geniet ons saam die vrugte van ons arbeid tydens 'n tuisgemaakte middagete voordat ons verder reis.

Teen laatmiddag arriveer ons in Samarkand – 'n stad wat reisigers vir meer as twee millennia bekoor.

Oornag: Samarkand (Ontbyt, Middagete & Aandete)



DAG 8: Donderdag, 07 Oktober 2027

Samarkand

Vandag ontdek ons waarom Samarkand as die juweel van die Syroete bekend staan. Ons besoek die Guri Emir-Mausoleum, die laaste rusplek van Timur, voordat ons by die wêreldbekende Registanplein aankom. Om hier tussen die drie madrassas te staan, is een van daardie oomblikke wat foto's eenvoudig nie ten volle kan vasvang nie.

Van die indrukwekkende pleine stap ons die alledaagse lewe van Samarkand binne. By die Bibi Khanum-moskee en die nabygeleë Siyob-basaar vul die geure van speserye, vars vrugte en tradisionele lekkernye die strate – 'n herinnering dat hierdie stad vandag nog net so lewendig is soos in sy glorieryke verlede.



Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Later besoek ons die Shakhi Zinda-nekropolis, waar ry op ry blou teëlgrafmonumente teen die heuwel uitstrek.

Oornag: Samarkand (Ontbyt & Aandete)

DAG 9: Vrydag, 08 Oktober 2027

Samarkand

Na 'n rustige ontbyt wag nog 'n besondere ervaring op ons. Vandag ontdek ons twee kunsvorme waarvoor Oesbekistan bekend is.

Ons besoek 'n sytapyt-werkswinkel waar vakmanne en -vroue elke tapyt steeds met die hand weef. Met geduld, vaardigheid en tegnieke wat oor geslagte heen verfyn is, word duisende knope een vir een geknoop totdat die bekende patrone en kleure vorm aanneem.

Daarna besoek ons 'n tradisionele papier-werkswinkel waar sypapier steeds volgens ou metodes vervaardig word. Van die bas van die moerbeiboom tot die voltooide vel papier word elke stap met die hand uitgevoer – 'n ambag wat vandag nog met trots bewaar en van geslag tot geslag oorgedra word. Later verruil ons tradisionele vakmanskap vir moderne gerief wanneer ons aan boord van Oesbekistan se hoëspoedtrein na Tashkent klim. Die gemaklike treinrit gee ons tyd om terug te dink aan die stede, mense en ervarings wat ons die afgelope dae leer ken het, met die uitgestrekte landskap as die laaste toneel van ons reis deur die binneland.

Teen aand arriveer ons in Tashkent. Ons geniet aandete saam voordat ons die laaste hoofstuk van ons reis deur Oesbekistan aanpak.

Oornag: Tashkent (Ontbyt & Aandete)

DAG 10: Saterdag, 09 Oktober 2027

Tashkent

Vandag ontdek ons Tashkent – 'n stad waar oud en nuut moeiteloos langs mekaar bestaan. Breë boulevards, moderne geboue en groen parke vorm 'n interessante kontras met historiese moskees, medinas en bedrywige markte.

Ons besoek die Khast Imam-kompleks, die geestelike hart van Tashkent, waar van die belangrikste Islamitiese skatte van Oesbekistan bewaar word. Van daar af stap ons Chorsu-basaar binne, tussen stalletjies vol vars produkte, geurige speserye, neute en handgemaakte ware wat die mark met kleur en lewe vul.





Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Later is dit tyd vir een van Tashkent se grootste verrassings – die wêreldbekende metro. Elke stasie het sy eie karakter en is met marmer, mosaïeke en kunstige beligting versier. Dit is maklik om te verstaan waarom hierdie metro as een van die mooiste ter wêreld beskou word.

Van hier af is die res van die middag joune. Dwaal deur Tashkent se strate, geniet 'n koppie koffie by 'n straatkafée of doen daardie laaste inkopies voordat ons vanaand weer saam om 'n tafel kuier.

Vanaand kom ons vir oulaas saam vir ons afskeids-aandete, waar ons terugdink aan die mense, plekke en ervarings wat hierdie reis langs die Syroete so besonders gemaak het.

Oornag: Tashkent (Ontbyt & Aandete)

DAG 11: Sondag, 10 Oktober 2027

Tashkent

Na ontbyt is dit tyd om van Oesbekistan afskeid te neem. Ons vertrek lughawe toe met tasse vol aandenkings en herinneringe aan 'n reis wat ons langs die spore van die Syroete geneem het.


Xayr! Dankie dat jy saam met Leef Jou Reis gereis het. Mag hierdie net die begin van nog vele reise saam wees.

(Alle etes aan boord)

DAG 12: Maandag, 11 Oktober 2027

Johannesburg

Ons arriveer terug in Suid-Afrika met 'n paar spesiale aandenkings in ons tasse en baie stories om te vertel.





Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*


US\$3 190 per enkelpersoon*

Pakket Sluit In:

- 10 Nagte luukse verblyf met ontbyt
- Lughawe-vervoer (indien groepsvlugte gebruik word)
- Luukse bus vervoer
- 10 Aandetes insluitend 'n verwelkomings-aandete in Tbilisi, 'n tradisionele Georgiese Supra-aandete en 'n afskeids-aandete met folklore-vermaak in Batumi
- Engelssprekende professionele gids
- Begeleide stadstoer deur Tbilisi
- Begeleide toer na Mtskheta & Uplistsikhe
- Wynproe in die Kakheti-wynstreek
- 'n Bootvaart deur die Martvili-kloof
- Begeleide toer na Kutaisi & Prometheus-grot
- Begeleide toer na Mestia & Svaneti Etnografiese Museum
- Begeleide stadstoer deur Batumi & Gonio-vesting
- Kabelkarretjies in Tbilisi (Narikala) en Batumi (Argo)
- Toegangsgelde soos per die reisplan
- Alle footjies
- Leef Jou Reis-toerleier

Pakket Sluit Uit:

- Retoervlugte tussen Suid-Afrika en Oesbekistan
- Binnelandse vlugte binne Suid-Afrika
- Reisversekering (ons kan hiermee help)
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies
- Visums





Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Dinge Om Te Onthou:

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (22 Maart 2028).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n maand voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selffoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die program sluit bed en ontbyt, middagetes, aandetes en toere in, soos in hierdie brosjure uiteengesit.



Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



Op die Syroete: 'n Reis deur Oesbekistan

30 September – 11 Oktober 2027

US\$2 695 per persoon wat deel*

US\$3 190 per enkelpersoon*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Oesbekistan-toer te verseker:

STAP 1

Laat weet ons of jy hierdie opwindende toer wil meemaak, en stuur vir ons jou e-posadres en selfoonnommer. Ons sal dan die besprekingsvorm stuur wat jy moet voltooi en terugstuur saam met 'n afskrif van jou paspoort en bewys van betaling van die deposito na leefjoureis@twf.co.za.

STAP 2

Hierdie reisplan is baie volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus asseblief seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of 'n whatsapp na 082 923 3626 – ons help graag.

STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na 'n ongelooflike reis!

Deposito:

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10,000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalinge en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R10,000 is teen 23 November 2026 betaalbaar. 'n Derde betaling van nog R10,000 is teen 23 Mei 2027 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is betaalbaar op 23 Julie 2027.
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebaseer op US\$1 = R18, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal.
- Pryse is gebaseer op elektroniese betalings.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: UZ27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

US\$2 695 per persoon wat deel* | **US\$3 190** per enkelpersoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747



 **TWf**
INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd